

Android TV™ Opstellingsgids

As jy jou TV aan die internet koppel, kan jy toepassings en speletjies aflaai en aanlyn videodienste geniet, soos wat jy met slimfone en tablette kan doen. Hierdie gids verduidelik hoe om jou TV op te stel om daardie kenmerke te gebruik.

Jy het nie hierdie gids nodig as jy net gewone TV-programme wil kyk nie.



(Alle skermbeelde en illustrasies is vir die Engelse weergawe.)

(Hou hierdie gids met die handleiding vir toekomstige verwysing.)

Om toepassings en speletjies af te laai

1. Om jou TV aan die internet te koppel..... 2
2. Om by jou Google™-rekening met jou TV aan te meld..... 5
3. Om toepassings en speletjies van die Google Play™-winkel af te laai..... 7

Gebruik van die Sony-internetdiens

4. Gebruik van die Sony-internetdiens 8


1 Om jou TV aan die internet te koppel

Eerstens moet jy jou TV aan die internet koppel via 'n koordlose (Wi-Fi) of gekabelde verbinding. Jy het 'n internetverbinding nodig: vir meer inligting, kontak jou internetdiensverskaffer. Slaan hierdie stap oor as jou TV reeds aan die internet gekoppel is.

Om die stand van die internetverbinding en netwerkinstellings soos MAC-adres te kontroleer, kies [Hulp] onderaan die Tuiskieslys, en kies dan [Sien netwerkstatus].


Om koordloos aan internet te koppel (via Wi-Fi)

- 1 Druk die HOME-knoppie op die afstandbeheer om die Tuiskieslys te wys.



* 'n Aanraakblad-afstandbeheer word nie met alle modelle voorsien nie.

- 2 Op die Tuiskieslys, verskuif die fokus na die onderkant van die skerm, en kies dan [Netwerkinstellings] – [Wi-Fi].




- 3 Kies die regte opstellingstappe vir jou koordlose roeteerder:

Ondersteun jou koordlose roeteerder WPS (Wi-Fi Protected Setup)?

Ja

Gebruik die WPS-knoppie om te koppel


- ① Kies [Koppel via WPS] op die skerm.
- ② Druk die WPS-knoppie op jou roeteerder.



Nee, of onseker

Kies die SSID per hand


- ① Kies die SSID van jou roeteerder op die skerm. Die SSID is die identifiseernaam van jou koordlose roeteerder. Jy kan die SSID en wagwoord (sekuriteitsleutel) op 'n etiket op jou roeteerder vind. Raadpleeg die handleiding van jou roeteerder vir besonderhede.



- ② Voer die wagwoord vir jou roeteerder in.

Om aan internet te koppel met 'n LAN- (netwerk) kabel


- 1 Koppel 'n LAN-kabel aan die LAN-sok agterop die TV.



Jou TV sal binne ongeveer 30 sekondes outomaties aan die internet verbind.

As die TV nie outomaties aan die internet koppel nie

Die TV sal dalk nie outomaties aan die internet koppel nie, afhangende van jou roeteerderinstellings. Kies [Netwerkinstellings] onderaan die Tuiskieslys om jou netwerk per hand op te stel.



2 Om by jou Google™-rekening met jou TV aan te meld


Slaan hierdie stap oor as jy reeds tydens die aanvanklike opstelling by jou Google-rekening by jou TV aangemeld het.

'n Google-rekening gee jou toegang tot verskeie Google-dienste. As jy reeds 'n Google-rekening met 'n rekenaar of slimfoon geskep het, kan jy daardie rekening gebruik om aan te meld.

Om 'n Google-rekening te skep

'n Google-rekening kan nie op jou TV geskep word nie. Gebruik 'n rekenaar of slimfoon om een te skep.

- 1 Besoek hierdie webwerf met 'n rekenaar of slimfoon:
<http://accounts.google.com/signup>



- 2 Volg die instruksies op die skerm om 'n Google-rekening te skep.

Jy kan ook 'n Google-rekening skep tydens die TV se aanvanklike opstelling.


- 1 Koppel jou TV aan die internet tydens die TV se aanvanklike opstelling.
- 2 Op die [Meld aan by Google] skerm van die TV se aanvanklike opstelling, kies [Gebruik jou foon of skootrekenaar].
- 3 Gebruik 'n rekenaar of slimfoon om die webwerf hier onder te besoek, en volg die instruksies op die skerm om 'n Google-rekening te skep.
g.co/AndroidTV

Om by jou Google-rekening met jou TV aan te meld


- 1 Kies [Google Play Store] in [Toepassings] op die Tuiskieslys.



- 2 Sodra die aanmeldskerm verskyn, volg die instruksies op die skerm om aan te meld.



Nadat jy aangemeld het, en die HOME-knoppe op jou TV se afstandbeheer gedruk het, word aanbevelings op die Tuiskieslys gewys.



Die Google-rekening se aanmeldskerm verskyn ook wanneer jy aan die internet koppel tydens die aanvanklike opstelling, of wanneer sekere toepassings begin.

Om af te meld


Kies [Persoonlik] in [Instellings] van die Tuiskieslys, dan en skrap dan jou rekening uit jou TV.

3 Om toepassings en speletjies van die Google Play™-winkel af te laai

Jy kan toepassings en speletjies van die Google Play store na die TV aflaai, net soos wat jy op slimfone en tablette sou doen.

Jy kan net toepassings en speletjies aflaai wat met TV's werk. Dit kan verskil van toepassings en speletjies vir slimfone/tablette.

- 1 Kies [Google Play Store] in [Toepassings] van die Tuiskieslys.



- 2 Kies 'n toepassing of speletjie wat u wil aflaai, en installeer dan die toepassing. Die toepassing sal begin aflaai.

Nadat dit afgelaai het, word die toepassing outomaties geïnstalleer. Die ikoon daarvan verskyn in die Tuiskieslys, sodat jy dit kan gebruik.

Meer oor betaalde toepassings

Daar is gratis toepassings en betaalde toepassings in die Google Play store. Om 'n betaalde toepassing te koop, word 'n voorafbetaalde Google Play-geskenkaart-kode of kredietkaartinligting vereis. Jy kan 'n Google Play-geskenkaart van verskeie kleinhandelaars koop.

Om 'n toepassing te skrap

- 1 Kies [Google Play Store] in [Toepassings] van die Tuiskieslys.
- 2 Kies 'n toepassing om te skrap, en deïnstalleer dan die toepassing.

4 Gebruik van die Sony-internetdiens

As jy aan die internet koppel en by die Sony Internet-diens aanmeld, kan jy verskeie dienste gebruik, soos die aanlyn videodienste en aanlyn musiekdiens. Om hierdie dienste te gebruik, word 'n SEN-rekening vereis. Hierdie dienste sal beskikbaar word ná 'n sagtewarebywerking teen die einde van 2015.


Om 'n SEN-rekening te skep

'n SEN-rekening kan nie met die TV geskep word nie. Gebruik 'n rekenaar of slimfoon om jou rekening te skep.

- 1 Besoek hierdie webwerf met 'n rekenaar of slimfoon:
<https://account.sonyentertainmentnetwork.com>
- 2 Volg die instruksies op die skerm om 'n SEN-rekening te skep.

Om by die TV aan te meld met jou SEN-rekening

- 1 Kies die Sony Internet-diensikoon op die Tuiskieslys.
- 2 Sodra die aanmeldskerm verskyn, volg die instruksies op die skerm om aan te meld.



Die SEN-rekening se aanmeldskerm verskyn ook wanneer jy aan die internet koppel tydens die aanvanklike opstelling. Jy kan ook vanaf hierdie skerm aanmeld.

- Google, Google Play, Android TV en ander merke is handelsmerke van Google Inc.
- Sommige funksies of dienste is dalk nie beskikbaar nie, afhangende van die streek/land.
- Die inligting in hierdie gids is onderhevig aan verandering sonder kennisgewing.
- Die Wi-Fi Protected Setup-identifiseerdermerk is 'n sertifiseringsmerk van Wi-Fi Alliance.